



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 10

NOVEMBER 2018

EKONOMIE V2

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INLIGTING EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae as volg:
AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die drie vrae.
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Oortollige antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Beantwoord vrae in volsinne. Die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde moet voldoen aan die kognitiewe vereistes van die vrae.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
6. Lees AL die vrae sorgvuldig deur.
7. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
8. Laat 2 tot 3 reëls tussen onderafdelings van vrae.
9. Gebruik slegs swart of blou ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.7 B.

1.1.1 Watter van die volgende is NIE 'n voorbeeld van besighede in 'n oligopolie mark NIE?

- A MTN, Vodacom en Cell C
- B FNB, ABSA en Standard Bank
- C Engen, Caltex en Sasol
- D KFC, Nandos en Hungry Lion

1.1.2 Die studie oor die gedrag van individue, word die ... -ekonomie genoem.

- A mikro
- B makro
- C mark
- D monetêre

1.1.3 Die BTW-koers in Suid-Afrika het van ... gestyg.

- A 15% tot 16%
- B 14% tot 15%
- C 10% tot 11%
- D 13% tot 14%

1.1.4 Die subsidiëring van lone deur die regering wat as aansporing vir besighede dien om meer werksgeleenthede te skep staan as 'n ... bekend.

- A produksie-subsidie
- B uitvoer-subsidie
- C werkskepping-subsidie
- D inkome-subsidie

1.1.5 'n Wet wat ingestel is ten einde gelyke geleenthede in die werksplek te bevorder:

- A Wet op Arbeidsverhoudinge
- B Wet op Gelyke Indiensname
- C HOP
- D GEAR

1.1.6 Die totale onvermoë van 'n ekonomie om werksgeleenthede te skep vir sy totale arbeidsmag, lei tot ... werkloosheid.

- A seisoenale
- B wrywings
- C sikliese
- D strukturele

1.1.7 Die grootste vakbond-federasie in Suid-Afrika:

- A Cosatu
- B Consawu
- C Fedusa
- D Nactu

1.1.8 'n Regeringsbeleid wat in 2010 geïmplementeer is, met die doel om vyf miljoen werksgeleenthede te skep teen 2020:

- A ASGISA
- B NGP
- C NOP
- D OPWP

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n omskrywing in KOLOM B wat pas by 'n begrip in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld, 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Markmislukking	A	Kliënte is oor die hele wêreld versprei
1.2.2	Openbare Werke programme	B	'n Onafhanklike agent van die departement van handel en nywerheid
1.2.3	Wandade	C	Mense tussen die ouderdom van 15 en 65 wat bereid en in staat is om te werk
1.2.4	Werkplekforums	D	Bestaan uit die regering op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak
1.2.5	Wêreldmarkte	E	Regerings inisiatiewe om korttermyn werkverskaffing aan te bied
1.2.6	Khula Ondernemings Finansiering	F	Wanneer produsent minder goedere produseer as wat verlang word, teen 'n hoër prys, of meer goedere teen 'n laer prys
1.2.7	Openbare sektor	G	Formele vergaderings tussen vakbonde en werkgewers organisasies
1.2.8	Ekonomies bedrywige bevolking	H	Vind plaas wanneer 'n reël in die werkplek oortree word
		I	Mark waar daar slegs een verskaffer is

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Die totale bevrediging wat 'n verbruiker verkry uit die verbruik van 'n produk.

1.3.2 Die laagste loon wat 'n werkgever toegelaat word om 'n werker per maand te betaal.

1.3.3 Die koers waarteen die verbruiker bereid is om een produk op te offer vir 'n ander.

1.3.4 Verskaf werkloosheid syfers volgens die streng en die breër definisies van werkloosheid.

1.3.5 Die proses waar 'n persoon van buite 'n onenigheid tussen twee partye besleg deur 'n oplossing te vind wat deur beide die betrokke partye aanvaar word.

1.3.6 Verskaf aan volwassenes die grondslag wat benodig word vir lewenslange studies en dit sluit geletterdheidsvaardighede in. (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae:

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van geografiese markte. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom word Eskom as 'n monopolie in Suid-Afrika beskou? (1 x 2) (2)

2.2 DATARESPONS

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

PRODUKSIE MOONTLIKHEDE		
<p>Die produksie moontlikhede in die tabel toon die potensiele produksie van 'n hipotetiese boer aan, indien hy al sy hulpbronne doeltreffend aanwend. Die boer produseer appels en pere. Indien hy al sy hulpbronne aanwend om appels te produseer, kan hy nie ook pere produseer nie. Indien hy al sy hulpbronne aanwend om pere te produseer, kan hy nie appels produseer nie. Hy het nie genoeg hulpbronne om die maksimum aantal appels en die maksimum aantal pere te produseer nie. Daarom moet die boer 'n kombinasie van appels en pere kies wat hy wel wil produseer. Die mees doeltreffende kombinasie met die gegewe hulpbronne, sal aangedui word deur 'n produksie moontlikheid kurwe (PMK). 'n Produksie moontlikheid kurwe is 'n diagram wat die kombinasies van twee verskillende produkte aantoon wat doeltreffend geproduseer kan word, gegewe die beskikbare, beperkte aanbod van die produksiefaktore.</p> <p>Die maksimum kombinasies van appels en pere wat 'n boer in 'n jaar kan produseer:</p>		
Verskillende kombinasies	Appels	Pere
A	100	0
B	80	20
C	60	25
D	40	30
E	20	35
F	0	40

2.2.1 Wat word deur die bostaande tabel aangetoon? (1)

2.2.2 Hoeveel appels sal geproduseer word as die boer al sy hulpbronne aanwend vir die produksie van appels? (1)

2.2.3 Noem enige TWEE van die hulpbronne waarna in die uittreksel verwys word. (2 x 1) (2)


2.2.4 Wat word bedoel met *doeltreffende gebruik van hulpbronne*? (2)

2.2.5 Gebruik die inligting in die tabel en konstrueer 'n PMK. (4)

2.3 DATARESPONS

Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

MAKSIMUM PRYS



- 2.3.1 Identifiseer die maksimum prys in die grafiek. (1)
- 2.3.2 Watter hoeveelheid sal aangevra word wanneer die maksimum prys vasgestel word? (1)
- 2.3.3 Noem TWEE voorbeelde van produkte waarop die regering maksimum pryse vasstel? (2 x 1) (2)
- 2.3.4 Wat is 'n *maksimum prys*? (2)
- 2.3.5 Hoe sal die vasstel van 'n maksimum prys die ekonomie beïnvloed? (2 x 2) (4)
- 2.4 Verduidelik die faktore wat die bestaan van 'n mark sal bepaal. (4 x 2) (8)
- 2.5 Waarom meng die regering in, in die verloop van die ekonomie? (4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE sake wat deur die Wet op Basiese Diensvoorwaardes gedek word. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat word bedoel met *ekonomiese regstelling*? (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

INDIEN GRONDHERVERDELING KORREK TOEGEPAS WORD, SAL DIT DIE EKONOMIE 'N HUPSTOOT KAN GEE



Stedelike hongerte vir grond, is die grootste en mees dringendste probleem. Die rede daarvoor? Die massiewe beweging van mense van plattelandse gebiede na stede, oor die afgelope twee laaste dekades. Tussen 2000 en 2010 het die bevolking van Gauteng met 31% gegroei en dié van die Wes-Kaap met 29% – 'n beweging van meer as vyf miljoen mense in 10 kort jare. Die regering het sedert 1994 nie ver wag dat dit sou gebeur nie en het vir seker nie daarvoor beplan nie. Bykans twee-derdes van ons volk is nou verstedelik, verreweg die hoogste in Afrika. Die regering beplan nou 'n ambisieuse projek om spoedig nuwe grondgebiede, in en om stede, oop te stel. Dit sal voorsien word van water- en rioolinfrastruktuur en dan sal dit oorgedra word aan mense deur middel van titelaktes en toestemming sal verleen word sodat hulle hulle eie huise daar kan bou.

[Bron: news24, deur Max du Preez, • 5 Junie 2018]

3.2.1 Waaroor handel die bogenoemde artikel? (1)

3.2.2 Hoe, volgens die uittreksel, beplan die regering om die grondkwessie aan te spreek? (1)

3.2.3 Onderskei tussen *grondrestitusie* en *grondherverdeling*. (2 x 2) (4)

3.2.4 Wat sal die impak van grond restitusie op die ekonomie wees? (2 x 2) (4)

3.3 DATA RESPONSE

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

GEMARGINALISEERDE GROEPE: REG TOT ONDERWYS

Die reg tot onderwys is universeel en maak nie voorsiening vir enige vorm van uitsluiting of enige vorm van diskriminasie nie. Alle lande staan egter uitdaginge in die gesig ten einde gelyke geleenthede aan almal te waarborg, in die assessering van onderwys binne die onderwysstelsel. Gemarginaliseerde groepe word gereeld agtergelaat deur nasionale onderwys beleide en dit ontnem baie mense van die reg tot onderwys.

Nie-diskriminasie en gelykheid is sleutel menseregte wat ook van toepassing is op onderwys. Regerings het die verpligting om hierdie beginsels op nasionale vlak toe te pas. Nasionale wette kan diskriminasie verbied en 'n omgewing skep wat groter gelykheid daarstel. Verder is regstellende aksie en maatreëls rakende promosies, dikwels nodig ten einde bestaande ongelykhede in die onderwys uit te skakel.

[Bron: *Right to Education Initiative* ©2018]

- 3.3.1 Watter groep mense, volgens die artikel, word van hulle reg tot onderwys ontnem? (1)
- 3.3.2 Identifiseer EEN sleutel mensereg, soos genoem in bostaande artikel. (1)
- 3.3.3 Wat is *ekonomies gemarginaliseerde groepe*? (2)
- 3.3.4 Noem TWEE groepe mense wat as gemarginaliseer beskou word. (2 x 1) (2)
- 3.3.5 Hoe kan die regering die kwesbaarheid van ekonomies gemarginaliseerde groepe verminder, deur gebruik te maak van aanbodkant beleide? (2 x 2) (4)
- 3.4 Bespreek *openbare werke programme* en *werkloosheidsversekering* as metodes om werkloosheid te probeer bekamp. (2 x 4) (8)
- 3.5 Wat is die rol van Nedlac ten einde demokratisering van die ekonomiese prosedures te verseker? (4 x 2) (8)
- [40]**

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

40 PUNTE – 30 MINUTE


4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE kenmerke van nut. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoekom is dit nodig dat verbruikers keuses moet maak tussen twee alternatiewe produkte? (1 x 2) (2)

4.2 DATARESPONS

Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.



4.2.1 Wat word deur bostaande grafiek getoon? (1)

4.2.2 Watter kombinasie van die twee goedere behoort die verbruiker te kies ten einde maksimum bevrediging te verkry? (1)

4.2.3 Onderskei tussen 'n *indifferensie-kurwe* en 'n *begrotingslyn*. (2 x 2) (4)

4.2.4 Hoe kan indifferensie kurwes en 'n begrotingslyn gebruik word om 'n verbruiker se maksimum punt van bevrediging aan te dui? (2 x 2) (4)

4.3 DATA RESPONSE

Bestudeer die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.

WERKLOOSHEIDSKOERS VERSWAK TOT 27,2%

Suid-Afrika se werkloosheidskoers het verswak na 27.2% in die tweede kwartaal, vanaf 26.7% in die eerste kwartaal, soos Dinsdag deur Statistiek SA berig, in sy kwartaallikse arbeidsmag opnames.

Vervaardiging het 105,000 werksgeleenthede verloor, gemeenskaps-, sosiale en persoonlike dienste het 93,000 en handel 57,000 verloor.

Aan die positiewe kant het vervoer 54,000 werksgeleenthede toegevoeg, konstruksie 45,000 en mynbou 38,000. Mynwese het 'n knou gekry, terwyl stygings in werksgeleenthede voorgekom het by ysterhoudende metaal neerslae, goud en uranium neerslae.

Statistikus-generaal Risenga Maluleke sê: "Hierdie is die areas waar toenames waargeneem word. Op ander gebiede, is stampe en stote ervaar, maar die netto uitwerking was 'n toename van 38,000 werksgeleenthede."

Die aantal moedelose werksoekers het toegeneem tot 2.9 miljoen mense gedurende hierdie tydperk, terwyl die bevolking van werkende ouderdom met 154,000 mense gestyg het.

Die Vrystaat het die grootste styging in sy werkloosheidskoers getoon – dit het gegroei met 1,6 persentasie punte, gevolg deur Gauteng, met 1,1 persentasie punte en die Wes-Kaap, waar werkloosheid met een persentasie punt gestyg het. Die Oos-Kaap het die hoogste werkloosheidskoers, teen 45.8%.

[Bron: <https://www.heraldive.co.za/business/2018-08-01-unemployment-rate-worsens-to-272/>]

- 4.3.1 Wat was die werkloosheidskoers gedurende die tweede kwartaal van 2018? (1)
- 4.3.2 Watter provinsie, volgens die artikel, het die grootste toename in sy werkloosheids-koers getoon? (1)
- 4.3.3 Noem TWEE groepe mense wat nie as werkloos kwalifiseer nie. (2)
- 4.3.4 Hoe word werkloosheidsyfers verkry? (2)
- 4.3.5 Wat dink jy is die oorsaak van werkloosheid? (2 x 2) (4)
- 4.4 Bespreek *produktiewe ondoeltreffendheid* en *allokatiewe ondoeltreffendheid* as gevolg van markmislukking. (2 x 4) (8)
- 4.5 Hoe is die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP) sedert 1994 geïmplementeer ten einde ekonomiese prestasie in Suid-Afrika te bevorder? (4 x 2) (8)
- [40]**

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding <ul style="list-style-type: none"> • 'n Goeie begin sal wees om die begrip of sleutelwoord wat in die vraag gebruik word, te definieer. • Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun. • Moenie enige gedeelte van die vraag in jou inleiding insluit nie. • Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie. • Vermoeg om in die inleiding te sê wat jy in die inhoud gaan bespreek 	Maks. 2
Inhoud Hoofgedeelte: Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Assesseer / Debatteer	Maks. 26
Addisionele gedeelte: Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer	Maks. 10
Slot Enige toepaslike hoër orde slot wat die volgende behoort in te sluit: <ul style="list-style-type: none"> • 'n Kort opsomming van wat bespreek is/ontleed sonder om reeds genoemde feite, in die inhoud, te herhaal • 'n Mening of gewaardeerde oordeel oor die bespreekte feite • Addisionele ondersteunende inligting om bespreking te versterk/ontleding • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis • Aanbeveling 	Maks. 2
TOTAAL	40

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

Markkragte is ekonomiese faktore wat die beskikbaarheid van goedere en die vraag daarna beïnvloed.

- Bespreek die faktore wat vraag en hoeveelheid beïnvloed. (26)
- Onderskei tussen die kenmerke van 'n volmaakte mark en 'n monopolie. (10)
[40]

OF**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES****40 PUNTE – 40 MINUTE**

Die Wet op Arbeidsverhoudinge streef daarna om fundamentele regte volgens Seksie 23 van die Grondwet af te dwing.

- Bespreek arbeidsverhoudinge, arbeidsregte en die proses of meganismes om dispute op te los. (26)
- Verduidelik, met behulp van 'n grafiek, hoe die vraag in die arbeidsmag afgelei word van die vraag in die produktemark. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150